

Maandag 4 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 8

Fokusgedeelte: Psalm 8:1, 4, 5, 10 (AFR83)

Al die sterre – en ek – en u heerlike Naam

Dawid is in die nag besig om skape op te pas. Hy het tyd om die skepping te bewonder. Hy aanskou die werk van die Here. Die maan en die sterre. Elke ster op sy plek. Asof met die vingers van die Here elkeen rondgeskuif totdat elkeen sy regte plek gekry het.

As 'n kind van die Here dit raaksien en, met vandag se wetenskaplike kennis daarmee saam daarvoor nadink, kan ons nie anders as om daarvoor te verbaas en ons te verwonder nie. Hoe is dit moontlik?

Ek kan nie eers onthou wanneer laas ek in die donker nag uitgegaan, op my rug gaan lê en na die sterre gekyk het nie. So met die blote oog of deur 'n gewone verkyker gekyk het om raak te sien nie. Gesien dat elke kolletjie eintlik 'n bolletjie is en dat hierdie een bolletjie waarop ek lê en kyk uniek deur die Here voorberei is en in stand gehou word sodat daar lewe kan wees. Sodat ek vrylik, miskien vir 80 jaar lank, dit sonder ophou kan inasem?

Wanneer ek so daarvoor dink, word die Psalm van Dawid my eie Psalm. As ek, o Heer, nagtelike hemel daarbo aanskou, wat is die mens dan? Niks, onmerkbaar klein op die groot geskilderde doek van die hele heelal? En soveel meer nog – dat U aan ons DINK en ons kom BESOEK? U stuur u Seun en U stuur u Gees om hier op hierdie aarde te kom woon. Om ons te kom besoek. U doen dit omdat U aan ons dink. Omdat U hierdie wêreld so lief het, stuur U u eniggebore Seun om ons te kom besoek.

Sy besoek is soveel meer as 'n vriendelike navraag oor hoe dit met ons gaan. Hy kom gee Homself aan die kruis om mense wat U ken en aan wie U in liefde dink, te kom red en kinders van U te kom maak? U het dit met my kom doen!

Daarom – om mee te begin en om mee te eindig: *“O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!”*

Sing: Psalm 8-1:3, 4, 7

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)